UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 4. DIE KERKVERBAND VAN DIE WIERDA-GESIN TYDENS HUL VERBLYF IN HEMRIK EN WIJNJETERP

Naas die naspeuring van die vormende invloed van die ouerhuis, die Hemrikse en Wijnjeterpse omgewing en die laer=skole wat hy besoek het, moet ook nagegaan word of die Hervormde predikante, die kerkverband en gemeentelike aktiwi=teite enige bepaalde invloed op die lewe van Sytze Wierda uitgeoefen het.

Sytze Wierda is op 9 Junie 1839 in die kerkgebou van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Hemrik gedoop,[70] vermoe=delik deur die plaaslike leraar, ds. O.A. van Druten, wat in 1836 predikant van Hemrik en omstreke geword het.[71] Op die muursteen waarop die woorde: Huis Gods voorkom, word ook ge=meld dat die kerkgebou van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Hemrik reeds in die jaar 1739 - presies 'n eeu voor die ge=boorte van Sytze Wierda - opgerig is. Digby die witgekalkte kerkgebou en te midde van 'n aantal pragtige beuke- en kastanjebome, is 'n grafkelder van 'n vooraanstaande Hemrikse familie, Van der Sluis, uit die jaar 1760.

Die Wierda-egpaar word in een van die doopboeke as Wopke Sjerps Wierda en Pietertje Roelofs de Jong (sic) aan=gegee en die naam van die seun wat op 28 Februarie 1839 gebore is, as Sietse. 'n Aantal ander kinders van ander egpare is dieselfde dag gedoop. In 'n ander doopboek word die naam van Sietse se moeder korrek aangegee as Pietertje Roelofs de Vries.[72]

In dieselfde jaar waarin Sytze Wierda gebore en gedoop is in die eeu-oue Hervormde kerkgebou van Hemrik, het die tienjaarlikse volkstelling teen die einde van 1839 - omstreeks November - plaasgevind. Oor elke lid van 'n huisgesin is inligting oor 'n verskeidenheid van sake verstrek. Ten opsigte van die godsdienstige gesindheid van die Wierda-gesin van huis nommer 22, Hemrik, word vermeld dat Wopke Sjerps Wierda en die res van sy gesin „protestantsch" is, sonder om gegewens te verstrek oor die besondere kerkverband en kerk=lidmaatskap van elke lid van die Wierda-gesin.[73]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dat die „grietenij" Opsterland in die 19de eeu 'n oorwe= gend Protestantse karakter gehad het, blyk uit gegewens wat in 1880 ten opsigte van die kerklike groepering bekend is. In daardie jaar het 87,1% van die inwoners van Opsterland tot die Nederduitsch (of Nederlandsch) Hervormde Kerk behoort, geen tot die Gereformeerde Kerk, 4,4% tot die Christelijk Gereformeerde Kerk, terwyl 0,6% onkerklik was. Die bevolking was dus feitlik geheel en al Protestants in die laaste kwart van die negentiende eeu. Die toestand op kerklike gebied sou omstreeks die middel van dieselfde eeu nie baie anders gewees het nie.[74]

Ten tyde van die geboorte en doop van Sytze Wierda in 1839, en ook in die loop van die daaropvolgende veertigerjare was die verskillende lede van die gesin van Wopke Wierda weliswaar blykbaar almal dooplidmate maar nog nie belydende lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk nie. Wanneer daar in die volkstellings van 1839 en 1849 - en ten opsigte van sommige Wierda-kinders ook in die volkstelling van 1859 - deur die volkstellingbeamptes aangeteken is dat die lede van die Wierda-gesin tot die Nederduitsch Hervormde Kerk be= hoort het, het dit net betrekking gehad op die feit dat almal blykbaar dooplidmate van dié besondere Kerk was. Tot in Maart 1850 was daar nog nie een enkele belydende lidmaat in die gesin van Wopke Wierda nie.

Eers op 29 Maart 1850, heel teen die einde van hul jare= lange verblyf in Hemrik - Wopke Wierda vanaf omstreeks 1835 en sy eggenote vanaf haar geboorte in 1806 - het die vyftig= jarige Wopke Wierda en sy vier-en-veertigjarige eggenote, Pietertje de Vries, in Hemrik deur openbare belydenis van geloof belydende lidmate geword van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Lippenhuizen (in kombinasie met Terwispel en Hemrik), na katkisasie en aanneming tot lidmate op 25 Maart.[75] Kort daarna, op 22 Augustus 1850, het albei, blykens 'n aantekening in die Lidmateregister, na Wijnjeterp met attestaat vertrek.[76]

Die predikant deur wie se bearbeiding die middeljarige Wierda-egpaar belydenis van geloof tydens 'n openbare erediens

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in Maart 1850 afgelê het en daarna as lidmate van die gemeente bevestig is, was ds. J.W.E. Ebbinge, wat vanaf 1843 tot in November 1850 met kennelike seën in die gemeente Lippenhuizen in kombinasie met Terwispel en Hemrik gearbei het.[77]

In die lig van die feit dat Wopke Wierda en sy eggenote eers in Maart 1850 belydende lidmate van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Lippenhuizen (in kombinasie met Terwispel en Hemrik) geword het, kan die vraag gestel word of hul katkisasie en aflegging van geloofsbelydenis op middeljarige leeftyd enige verband gehad het met 'n verbetering in hul maatskaplike welstand of met 'n simpatieke optrede en beter pastorale sorg deur ds. Ebbinge. Die moontlikheid bestaan egter dat die onbesonne optrede van die egpaar voor hul huwe= lik 'n nadelige invloed op hul maatskaplike en kerklike posisie kon gehad het. Daar moet rekening gehou word met die gebeurtenis wat in hul jeugjare plaasgevind het en wat daartoe gelei het dat die sensurabele optrede hulle vir jare lank kon weerhou het om belydende lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk te word. Ook moet daar rekening gehou word met die destydse verskynsel van onkerksheid en of hierdie verskynsel weer op sy beurt, onder andere, verband gehou het met, en voortgekom het uit spesifieke Friese karakter= eienskappe. Moontlik moet die oorsaak van die verskynsel van onkerksheid en kerkvervreemding egter nie so diep nie, maar wel elders gesoek word. „Wij hebben gezien", skrywe 'n kenner van aspekte van die Friese geskiedenis, „hoe de arbeidersbevolking van deze streken (die) overal vandaan kwam, een trekkersbevolking was, welke zich verspreid vestigde over het geheele gebied langs vaarten en wegen. Er was geen centrum, geen gemeenschapsleven onder deze menschen, welke door hun trekkersbestaan als vanzelf van de Kerk los= raakten. In deze nieuwe streken was niets wat hen bond, geen predikant kon er beroepen worden, er was geen gelden, geen inisiatief voor. Vereenigingspunten waren de winkel en de kroeg van den onderbaas, en de school." Dit was juis in hierdie verband dat daar groot en blywende invloed van die skoolmeester in dié streke uitgegaan het. „Door de kinderen",

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



skryf die aangehaalde kenner verder, „kwam hij dagelijks met de bevolking in aanraking, zag hun hard en armoedig bestaan en trachtte verbetering te brengen."[78]

Wat ook van belang is om te onthou in verband met die gemeentelike en kerklike lewe in Hemrik en omstreke, is dat die intrekkers van elders, veral uit die weste, wat tot die los-vas arbeidersbevolking langs daardie gedeelte van die „Compagnonsvaart" en dwarsvaarte behoort het, wat 'n bestaan gevind het en net tydelik daar woonagtig en werksaam was, dit moeilik gevind het om by die eeue-oue gevestigde gemeen= telike lewe in die Hemrikse afdeling van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Lippenhuizen in te skakel. Waar die welgestelde en gevestigde hereboere van die Hemrikse omgewing 'n oorheersende rol in die gemeentelike lewe gespeel het, was dit vir die arbeidersbevolking nie 'n maklike saak om in die aktiwiteite van die plaaslike gemeente opgeneem te word nie.

In hoeverre die Wierda-gesin onderhewig was aan die neiging tot kerkvervreemding en onkerksheid by die trekkende arbeidersbevolking, waarvan hulle in die dertiger- en veertigerjare in die omgewing van Hemrik 'n deel gevorm het, en of ander faktore 'n rol gespeel het in die Wierda-egpaar se aflegging van geloofsbelydenis op middeljarige leeftyd in die Lippenhuizen-gemeente, sal moeilik vasgestel kan word. Die vyftien jaar-lange verblyf van die egpaar met hul op= groeiende kinders in Hemrik, was in elk geval gekenmerk deur die omstandigheid dat hul kinders wel in die Nederduitsch Hervormde Kerk gedoop is, maar dat die ouerpaar self eers teen die einde van hul jarelange verblyf in Hemrik aangeneem is en belydenis van die geloof afgelê het. In hierdie ver= band kom die vraag onwillekeurig na vore wie die vyf kinders van die egpaar - die oudste kind het net ses weke gelewe en 'n ander een is doodgebore - telkens ten doop gehou het aangesien die egpaar dit nie self mog doen nie omdat hulle ten tyde van die vyf doopplegtighede nog nie belydende lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk was nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ofskoon gegewens in die bevolkingsregister van Hemrik en Wijnjeterp daarop dui dat die Wierda-gesin op 12 Mei 1850 na Wijnjeterp verhuis het,[79] lui 'n aantekening in die lidmateregister van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Lippenhuizen dat Wopje Sjerps Wierda en Pietertje Roelofs de Vries op 22 Augustus 1850 „met attestatie naar Wijnjeterp ver=trokken zijn",[80] terwyl 'n aantekening, wat op 1 Januarie 1851 deur ds. B.F. Brugsma in die „Ledematen Boek" van Wijnje=terp en Duurswoude in Wijnjeterp gemaak is, bevestig dat die Wierda-egpaar „op 22 Augustus 1850 met attestatie van Lippenhuizen overgekomen" is.[81] Die verhuising na Wijnjeterp het blykbaar op 12 Mei 1850 plaasgevind en die uitreiking en inhandiging van die attestate op 22 Augustus.

Opmerklik is dat die twee-en-twintigjarige Roelof en sy agtienjarige broer, Sjerp, die twee oudste kinders van die Wierda-egpaar tentyde van die verhuising van die gesin van Hemrik na Wijnjeterp nog nie, soos in die geval van hul ouers, belydende lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk was nie, terwyl Antje, Sytze en Hebeltje, onderskeidelik vyftien, elf en sewe jaar oud, in elk geval nog te jonk was om as lidmate aangeneem te word. Die aandag moet egter gevestig word op die feit dat die kerkverband van Wopke Wierda, sy vrou en kinders in die vyftigerjare as lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk aangegee word.[82] Wanneer en in watter gemeentes die Wierda-kinders agtereenvolgens belydenis van die geloof afgelê het, kon nie vasgestel word nie.

Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Wijnjeterp was in kombinasie met Duurswoude en vir 'n tyd lank ook met Ureterp en Siegerswoude. Omdat die pastorie vir geruime tyd in Wijnjeterp gestaan het, het die predikante in die loop van jare daar gewoon. Met die verhuising van die Wierda-gesin

---

Die Nederduitsch Hervormde kerkgeboue te Hemrik (bo) en Wijnjeterp (onder) wat 'n plek in die lewe van die Wierda-gesin ingeneem het. Wopke Wierda lê begrawe in die kerkhof rondom die Wijnjeterpse kerkgebou.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



na Wijnjeterp, omstreeks die helfte van 1850, het hulle onder die bediening gekom van die plaaslike predikant: eers, tot in 1856, van ds. B.F. Brugsma en daarna van ds. J.A.C. Revel, wat ds. Brugsma in 1856 opgevolg het.[83]

Terwyl die Hervormde kerkgebou van Hemrik reeds in 1739 gebou is, het die Wierda-gesin in Wijnjeterp in 'n kerk=gebou aanbid wat in 1778 deur grietman Lycklama opgerig is. Ofskoon die bykans twee eeue-oue kerkgebou uitwendig geen vermeldenswaardige kenmerke vertoon nie, het die „Rijks=commissie voor de Monumentenbeschrijving", die gebou, vanweë sy argitektoniese en versieringskenmerke, in sy „Voorloopige Lijst" opgeneem.

Dit was in hierdie kerkgebou waar die kunssinnige elf=jarige Sytze Wierda vir die eerste keer kennis gemaak het met 'n besondere gesnede preekstoel van eikehout wat teen die einde van die agtiende eeu gemaak is, en waarvan die kuip versier is met voorstellings van Moses en die vier Evange=liste - allegoriese figure op die panele en ornament. Verder is sy aandag seker toe al, en in die jare daarna, getrek deur twee eenvoudige, agtiende-eeuse koper doopvonte, herebanke - een uit die einde van die agtiende eeu waarop die wapen van Opsterland voorkom - twee koper krone, dertien blakertjies en 'n koper arm met twee ligte op die preekstoel. Verder moes die serk uit die jaar 1690 ook sy aandag getrek het. Dan het hy met Nagmaalsgeleenthede waarskynlik ook die silwer Nagmaalsbeker bewonder. 'n Besienswaardigheid in die kerkhof rondom die kerkgebou destyds, en vandag nog, was 'n groot „klokkenstoel" met drie klokke, waarvan twee in 1768 en 1772 deur Steven Borchardt, van Enkhuizen, gegiet is en die derde een, in 1822, deur Andries van Bergen en Mammeus Fremy.[84]

In teenstelling met Hemrik, was daar in Wijnjeterp 'n mate van verenigingslewe vir die jongmense van die omgewing, gehou onder leiding van ds. Brugsma, die plaaslike Hervormde predikant, en mnr. Louis van Essen, die onderwyser van Wijnjeterp. Die oudste Wierda-kinders het in die loop van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die vyftigerjare heel waarskynlik aan die aktiwiteite van die kerklike jeugvereniging deelgeneem.

Teen die einde van 1854 het dertig jongmense van sestien jaar en ouer aan die weeklikse aktiwiteite deelgeneem. Die samekomste is gereeld op Sondagaande tussen ses- en negeuur gehou. Die doel van die vereniging was „om den misbruikten Zondagavonden te wijden aan echt Christelijke uitspanning tot aankweking van kennis en goede zeden in een Christelijke geest". Sangoefeninge is gehou met gebruikmaking van die handleiding van B. Brugsma. Ook is vierstemmige liedere uit die „Volksgezangboekje" van Heije gesing. Daarna het die predikant 'n kort Bybelbespreking gehou wat met psalmgesang afgesluit is. Daarop het 'n pouse gevolg, waartydens daar 'n gesellige verkeer plaasgevind het en koffie gedrink is. Na die pouse is opstelle voorgelees oor opgegewe onderwerpe uit die Bybelse en vaderlandse geskiedenis. Die drie-uur-lange Sondagaandse byeenkomste is gewoonlik afgesluit met die sing van vierstemmige „Evangelische Gezangen" en die voorlees van 'n verhaal.[85]

Sytze Wierda het vermoedelik die Sondagaandse byeen=komste in die pastorie eers vanaf Maart 1855 bygewoon, nadat hy op 28 Februarie van daardie jaar 16 jaar oud geword het en toe deur sy ouers en ouer broers en susters - wat toe reeds lede daarvan kon gewees het - aangemoedig kon gewees het om ook die byeenkomste by te woon. Hierdie afleiding berus natuurlik op die veronderstelling dat die sestienjarige Sytze Wierda op daardie stadium as 'n timmermansleerling in Wijnje=terp werksaam was of hom moontlik met selfstudie in die timmermansvak en boukunde besig gehou het.

Of en op watter wyse die elfjarige Sytze Wierda, sy broers en susters, by die Sondagskool- en katkisasiebedrywighede van Hemrik en Wijnjeterp betrek was en of hy sodoende ten goede beïnvloed en godsdienstig gevorm is - bo en behalwe huislike onderrig en die gereelde en normale prediking op Sondae - kan by gebrek aan dokumentêre gegewens nie nader bepaal word nie. Dit kan egter afgelei word dat die Wierda-

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kinders indirek ook geraak is deur die pastorale bearbeiding, katkisasie en die aflegging van geloofsbelydenis van hul ouers.

Dit bly egter 'n ope vraag in watter mate Sytze Wierda in sy eerste elf lewensjare in Hemrik kerklik bearbei en die grondslae van sy godsdienstige lewe deur ds. Ebbinge gelê is. Waar ds. Ebbinge hom blykbaar in die geestelike lewe van die Wierda-egpaar geïnteresseer en hulle oorreed en bygestaan het om op middeljarige leeftyd te katkiseer en in die openbaar belydenis van hul geloof af te lê, kan veronderstel word dat hy hom ook in die geestelike vorming van die Wierda-kinders sou geïnteresseer het.

Wanneer Sytze Wierda se private lewe en openbare optrede in sy verskillende lewensfases noulettend en krities in oënskou geneem en sy woorde en dade beoordeel word, is dit duidelik dat die invloede van die ouerhuis, skool en kerk elkeen op sigself, en ook gesamentlik, beslis 'n positiewe uitwerking op sy sedelike, verstandelike, geestelike en gods=dienstige vorming moes gehad het. Daarby het hy dit moontlik ook gelukkig getref om in die loop van sy jongelingsjare as timmermansleerling by timmermansbase te werk en by gesinne in te woon, wat 'n voorbeeldige lewe gelei en 'n verheffende invloed op die verdere ontwikkeling van die karakter van die jongman uitgeoefen het.

## 5. BRONNEVERWYSINGS EN TOELIGTENDE VOETNOTE

1. Wanneer die Friese praat van Wopke Sjerps Wierda beteken dit Wopke, die seun van Sjerp Wierda. By die onder=tekening van briewe, argitekstekeninge en ander doku=mente, asook in sy boek, het Sytze Wopkes Wierda feitlik deurentyd na homself verwys as S. Wierda Wz. (of Wzn.)

2. Herdenkingscommissie: Smellingera-land, aant. 1, p.11; S.J. van der Molen: Opsterlan, pp.58 en 68; J.H. Brouwer (hoofred.): Encyclopedie van Friesland, pp. 312, 314 en 622. Die „grietenij", 'n Friese platte=landse „gemeente" van groot uitgestrektheid, was die regsgebied van die „grietman". Kragtens die grond=wetswysiging van 1848 en die „Gemeentewet" van 1851, wat daaruit voortgevloei het, is die term „grietenij" deur „gemeente" vervang en „grietman" deur „burgemeester".

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n Gemeentebestuur moet deur ons as 'n munisipaliteit opgevat word en 'n „gemeentehuis" as 'n munisipale kantoor.

3. R.A. (F.), OPS 1839/18: Register voor de Aangaven van Geboorten in de Gemeente Opsterland, p.34; G.A. (OPS.), B.A.: Register van Geboorten, 1839, p.34.

4. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 1 en 2: D. van Dijk - H.M. Rex, 7 en 8.7.1961; M.P. van Buijtenen - G. Holleman, 10.7.1961. Die „stamreeks= genealogie", wat deur dr. van Buijtenen uitgewerk is, word as bylae opgeneem. Waar die „oude Kerkeboeken" in die „Rijksarchief" in Leeuwarden as bronne vir dr. van Buijtenen en die skrywer gedien het, en ook vir ds. van Dijk t.o.v. die „geslachten in de 17e en 18e eeuw", het lg. die gegewens wat hy in sy briewe verstrek het, grotendeels ontleen aan die Familie-genealogie wat deur Jan Wierda, in lewe bekende genealoog van Leeuwarden, saamgestel en gepubliseer is. Bylae weggelaat.

5. J.H. Brouwer (hoofred.): Encyclopedie van Friesland, pp.227 en 329; P.J. Venter: Landdros en Heemrade, 1682-1827 (Argief-Jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskie= denis, 1940 DEEL II, p.2); A. Wijpkema: Die invloed van Nederland en Nederlands-Indië op ontstaan en ont= wikkeling van die regswese in Suid-Afrika tot 1881, p.1 e.v.; J.L. Berns: De Archieven van het Hof Pro= vinciaal en van de Gerechten der Grietenijen, Steden, Districten, Eilanden en Hoogeschool van Friesland, p.34 e.v. Die „bijzitters" - assessore, mederegters of dorpsregters - was verstandige en invloedryke persone wat saam met en onder leiding van die „grietman" die bestuur en tewens die regbank van die „grietenij" uit= gemaak het. Die amp van „bijzitter" stem ongeveer ooreen met die teenswoordige amp van „wethouder". Vir eeue lank is belangrike pligte en funksies aan die „bijzitters" opgedra.

6. G.F. baron thoe Schwartzenberg en Hohenlansberg (ver= zamelaar): Groot placaat en charterboek van Vriesland, MDCCLXXIII, p.35 e.v.

7. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 2: M.P. van Buijtenen - G. Holleman, 10.7.1961.

8. J.H. Brouwer (hoofred.): Encyclopedie van Friesland, pp.564 en 711; Herdenkingscommissie: Smellingera- land, pp.49-50. Die uitdrukking „zathe en landen" in notariële bekendmakings het aanvanklik slegs aangedui: 'n hoewe bestaande uit lande wat nader genoem sal word.

9. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 1: D. van Dijk - H.M. Rex, 7 en 8.7.1961. Aangesien Hylke Sytzes Wierda 'n vermoënde man was, ontstaan die vraag

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



onwillekeurig of vermoëndheid - wat tot die verkryging van invloed in die gemeenskap kon gelei het - naas verstandigheid en ander gunstige karaktereienskappe, moontlik ook 'n rol by die benoeming van „bijzitters" gespeel het.

10. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 2 en 1: M.P. van Buijtenen - G. Holleman, 10.7.1961, D. van Dijk - H.M. Rex, 7 en 8.7.1961.

11. J.H. Brouwer (hoofred.): Encyclopedie van Friesland, p.375; H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 3: J.J. Spahr van der Hoek - H.M. Rex, 9.10.1968. In die Middeleeue het die term „huisman" betrekking gehad op die vrye Fries, die boer, „in besit van eie vuur en rook", in teenstelling met kneg. Later word dit die naam vir die „eigen(ge)erfde", wat op een stadium iemand aangedui het wat geboer het op grond wat hy van sy ouers geërf het. Nog later het die term „huisman" 'n enigsins mindere of denigrerende betekenis gekry en verwys dit na die „niet-eigenerfde" boer, met ander woorde na die pagter of huurboer, of eenvoudig net na 'n „boertje".

12. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 2 en 1: M.P. van Buijtenen - G. Holleman, 10.7.1961; D. van Dijk - H.M. Rex, 7 en 8.7.1961.

13. R.A. (F.) OPS 1825-1828: „Huwelijkstoestemming bij Huwelijksakte" van Wopke Sjerps Wierda en Pietertje Roelofs de Vries, Sloten, 15.12.1826, p.5.

14. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv. 2: M.P. van Buijtenen - G. Holleman, 10.7.1961; R.A. (F.) OPS 1825-1828: „Extract uit Doopboek der Hervormde Gemeente Doniaga, Tjerkgaast" e.a. gemeentes insake geboorte en doop van Wopke Sjerps Wierda, p.2.

15. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 2: M.P. van Buijtenen - G. Holleman, 10.7.1961; R.A. (F.) OPS 1825-1828: „Extract uit het Register der gedoopten van de Hervormde Gemeente Lippenhuizen" insake geboorte en doop van Pietertje Roelofs de Vries, p.3.

16. R.A. (F.) O.B.S., Doniawerstal 14: Doopboek van Tjerkgaast, 1772-1812, onder die datums 1791, 1795, 1797, 1800, 1803, 1806 en 1809.

17. H.M. Rex Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv. 2: M.P. van Buijtenen - G. Holleman, 10.7.1961. Ook vir gegewens t.o.v. verw. 16 wat nie in die Doopboek van Tjerkgaast, 1772-1812, voorkom nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



18. R.A. (F.), OPS 1825-1828: „Certificaat van militie= dienst, gezigt no. 8440", p.4.

19. R.A. (F.), OPS 1825-1828: „Huwelijkstoestemming bij Huweliksakte" van Wopke Sjerps Wierda en Pietertje Roelofs de Vries, Sloten, 15.12.1826, p.5.

20. R.A. (F.), OPS 1825-1828: „Bijlage bij Huwelijksakte" van Wopke Sjerps Wierda en Pietertje Roelofs de Vries, p.10. Die „afkondiging" het geskied by wyse van 'n kennisgewing op die amptelike kennisgewingbord voor die „grietenijhuis".

21. R.A. (F.), OPS 1825-1828: „Bijlage bij Huwelijksakte" van Wopke Sjerps Wierda en Pietertje Roelofs de Vries, p.2. Op grond van die uitreiking van 'n „certificaat van onvermogen" aan Wopke Sjerps Wierda, kan die aflei= ding gemaak word dat die aanstaande bruidegom destyds armlastig was.

22. Die vermoede is gegrond op die feit dat in die volks= tellings vanaf 1839 aangeteken is dat Sjerps Wopkes Wierda in Langezwaag en Luxwoude (of Luxwolde) gebore is. Dié vergissing kon alleen geskied het as die ouers destyds gedink het dat Sjerp Wopkes Wierda dáár en nie op Langweer nie - soos dit in werklikheid die geval was - gebore is na aanleiding van hul verblyf op dié twee plekke in hul ooswaartse trek tot by Hemrik. Die geboortedatum word elders verantwoord.

23. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 3: J.J. Spahr van der Hoek - H.M. Rex, 24.10.1968; G.A. (OPS.), B.A.: Volkstelling, Hemrik, 1839.

24. G.A. (OPS.), B.A.: Volkstelling, Hemrik, 1849.

25. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 3: J.J. Spahr van der Hoek - H.M. Rex, 24.10.1968.

26. H.M. Rex.-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 2: M.P. van Buijtenen- G. Holleman, 10.7.1961; R.A. (F.), OPS 1825-1828: „Bijlage bij Huwelijksakte" van Wopke Sjerps Wierda en Pietertje Roelofs de Vries, p.10.

27. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 3: J.J. Spahr van der Hoek - H.M. Rex, 24.10.1968. Van die Hemriker-gesinshoofde met hul eggenotes uit die jaar 1829 was 49 in die weste gebore, d.w.s. in Lippenhuizen, Terwispel en Gorredijk, 37 in Hemrik self, en slegs 9 oos van dié dorp, d.w.s. in Wijnjeterp en Duurswoude, terwyl 22 op verskillende ander plekke gebore is.

28. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 3: J.J. Spahr van der Hoek - H.M. Rex, 24.10.1968; J.H. Brouwer (hoofred.): Encyclopedie van Friesland, p.355. Wat

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wel kon gebeur het, is dat Roelof de Vries vermoedelik 'n stukkie ertappel- en boneland vir sy eie gebruik gepag het.

29. H.G.W. van der Wielen: Een Friesche Landbou-veenkolonie, pp.20-21, 25-27, 33, 55, 66, 69-70, 75, 79, 81-83, 90, 108 en 110.

30. S.J. van der Molen: Opsterlan, p.184.

31. H.G.W. van der Wielen: Een Friesche Landbouw-veenkolonie, pp.55, 66, 79-83.

32. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 3: J.J. Spahr van der Hoek - H.M. Rex, 24.10.1968.

33. J.H. Brouwer (hoofred.): Encyclopedie van Friesland, pp.158 en 395. Die Eekhoff-Atlas bevat kadastrale- en 32 noukeurige „grietenij"-kaarte.

34. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 3: J.J. Spahr van der Hoek - H.M. Rex, 24.10.1968.

35. J.H. Brouwer (hoofred.): Encyclopedie van Friesland, p.158. Die eerste Friese Atlas was die stede- en „grietenij"-atlas van Chr. Schotanus in sy „Beschryvinge van de Heerlyckheydt van Frieslandt" (1664).

36. T.A.B., S.S. 1386, R.4189/82 (afskrif) by R.2693/87: S. Wierda - Driemanschap en Uitv. Raad, 2.6.1882, pp. 110-114; T.A.B., E.V.R. 243: S. Wierda- Driemanschap en Uitv. Raad, 2.6.1882, pp.191-195; H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Onderhoude, VI, iii, 1 en 2: Mev. C.J.G. van Hoogstraten en mev. J.W. van Hoogstraten; H.M. Rex: Sytze Wierda (Pretoriana, Deel 3, Nr. 3, Apr. 1954, p.5). In sy brief aan die Regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek het Sytze Wierda geskrywe: „Ik werd geboren te Hemrik in den boerenstand....", en toe sy dogter, wyle mev. C.J.G. van Hoogstraten, aan my meegedeel het dat haar grootvader, Wopke Sjerps Wierda 'n vooraanstaande perdeboer in Friesland was, het ek op grond van dié mededeling, in „Pretoriana" die bewering gemaak dat „Wopke Wierda 'n vooraanstaande perdeboer (te Wynjeterp) was". In die lig van die nuwe feite is dié bewering egter nie korrek nie. Op my vraag aan mev. J.W. van Hoogstraten, 'n dogter van wyle mev. C.J.G. van Hoogstraten, in November 1968 wat die beroep van haar oorgrootvader, Wopke Sjerps Wierda, in Friesland was, het sy sonder om enigsins te twyfel of te huiwer, geantwoord dat hy 'n „hereboer" was! Dié legende lewe dus tot op die huidige dag onder die nakomelinge van Wopke Sjerps Wierda in die Republiek van Suid-Afrika, en moontlik ook elders, voort.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



37. J.H. Brouwer (hoofred.): Encyclopedie van Friesland, p.375; H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp. VI, iv, 3, 2 en 1: J.J. Spahr van der Hoek - H.M. Rex, 9.10.1968, M.P. van Buijtenen - G. Holleman, 10.7.1968, D. van Dijk - H.M. Rex, 7 en 8.7.1961; R.A. (F.), OPS 1825-1828: „Certificaat van militiedienst, gezigt no. 8440", p.4; „Huwelijkstoestemming bij Huwelijksakte" van Wopke Sjerps Wierda en Pietertje Roelofs de Vries, pp.5 en 10.

38. G.A. (OPS.), B.A.: Bevolkingsregister van Hemrik, 1849-1859, p.26, Bevolkingsregister van Wijnjeterp, 1849-1859, p.74; G.A. (O/S.), B.A.: Bevolkingsregis= ter van Oosterwolde, 1860-1880, p.183. Die verhuising van plek na plek mag ook dui op die feit dat die gesin algaande in arbeiderswonings, wat Wopke Sjerps Wierda van sy werkgewers gehuur het, gewoon het. Dit is onwaarskynlik dat Wopke Sjerps Wierda ooit 'n eie huis besit het. Dié omstandigheid moes sonder twyfel 'n nadelige invloed op die kinders van die Wierda-egpaar gehad het.

39. R.A. (F.), SMA 1860-1862: „Register voor de Aangaven van Huwelijken in de Gemeente Smallingerland", 15.3.1862.

40. R.A. (F.), OPS 1839/18: „Register voor de Aangaven van Geboorten in de Gemeente Opsterland", p.34; G.A. (OPS.), B.A.: Register van Geboorten, 1839, p.34, Bevolkingsregister van Hemrik, 1839-1849, p.6, Volks= telling, Hemrik, 1839.

41. G.A. (OPS.), B.A.: Register van Geboorten, 1835, 1839 en 1843.

42. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Onderhoude, VI, iii, 3 en 4: T.H. Sietsema en dr. Jan Ploeger; H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 4: A. Wierda - H.M. Rex, 7.2.1969. Sietsema het vertel dat sy groot= vader, Wopke Sjerps Wierda, en sy seuns „'s winters" by die boere rondgegaan en hul varke en ander diere geslag het.

43. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 3: J.J. Spahr van der Hoek - H.M. Rex, 9.10.1968.

44. G.A. (OPS.), B.A.: Bevolkingsregister van Hemrik, 1849-1859, p.26.

45. J.H. Brouwer (hoofred.): Encyclopedie van Friesland, p.517. Uit 'n artikel oor „Pachtverhouding" blyk dit dat in gevalle waar die boerdery vir 'n bepaalde tyd gepag was, die landerye in die reël op 5 Maart prysgegee en die woonhuis op 12 Mei daaropvolgend ontruim is. Ofskoon Wopke Sjerps Wierda nie 'n pagter was nie,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



was hy as boerekneg of arbeider ook aan hierdie gebruik of bepaling onderhewig. Daarom het hy ook as arbeider of boerekneg die betrokke diens op 12 Mei verlaat en na elders verhuis.

46. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 3: J.J. Spahr van der Hoek - H.M. Rex, 9.10.1968. Dr. Spahr van der Hoek verwys na Wopke Wierda se „navenant weinig honkvast bestaan", waarskynlik veroorsaak deur werks= omstandighede en -moontlikhede. As arbeider het hy op een plek werk gesoek, hom vir 'n jaar of langer verbind en dan weer op 'n ander plek gaan werk soek. Dit was die algemene patroon wat in sy geval ook gevolg is. Selfstandige en gevestigde boere het vaste sowel as los arbeiders in diens gehad.

47. G.A. (OPS.), B.A.: Bevolkingsregister van Hemrik, 1839-1849, p.6, Bevolkingsregister van Wijnjeterp, 1849-1859, p.74. 'n Belangrike aspek wat in gedagte gehou moet word wanneer afleidings oor die beroepe van mense van daardie jare uit owerheidsdokumente gemaak word, is dat die aanduiding van die beroep in amptelike owerheidsdokumente dikwels slordig en onnoukeurig ge= skied het. Bygevolg kan daar, onder andere, nie veel waarde geheg word aan die gegewens van bevolkingsregis= ters en volkstellings nie. In die lig hiervan is dit feitlik onmoontlik dat Wopke Wierda, toe hy op negen= tienjarige leeftyd vir militêre diens geloot is, reeds 'n „landbouwer" in die gewone sin van die woord kon gewees het, terwyl sy vader op daardie stadium 'n „huisman" was.

48. G.A. (OPS.), B.A.: Bevolkingsregister van Hemrik, 1849-1859, p.26.

49. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 3: J.J. Spahr van der Hoek - H.M. Rex, 9.10.1968; J.H. Brouwer (hoofred.): Encyclopedie van Friesland, p.517; G.A. (OPS.), B.A.: Bevolkingsregister van Wijnjeterp, 1849-1859, p.74.

50. R.A. (F.), OPS., B.A., B.S.: „Extract uit het Register van Overlijden, aangehouden in de Gemeente Opsterland, afgegeven te Beetsterzwaag, 22.2.1862", p.3; G.A. (OPS.), B.A.: Bevolkingsregister van Wijn= jeterp, 1849-1859, p.74.

51. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Onderhoude, VI, iii, 5: Mnr. Atze Wybes Wierda, 'n seun van Roelof Wopkes en 'n kleinseun van Wopke Sjerps Wierda. In 1961 was hy in Gorredijk as 'n metaalbewerker werksaam.

52. R.A. (F.), SMA 1860-1862: Register voor de Aangaven van Huwelijken in de Gemeente Smallingerland, 15.3.1862.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



53. G.A. (OPS.), B.A.: Bevolkingsregister van Wijnjeterp, 1860-1870, p.96, Bevolkingsregister van Hemrik, 1839-1849, p.6; H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, E: „Aanteekeningen betreffende het geslacht Notten en van aanverwante families", p.22. Terwyl daar in een van die Wierda-briewe verwys word na die afsterwe van sy moeder op een of ander tydstip voor Mei 1880, word haar sterfjaar in die „Aanteekeningen" as 1879 aangegee.

54. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 2: M.P. van Buijtenen - G. Holleman, 10.7.1961; I.J. Brugmans: De arbeidende klasse in Nederland in de 19de eeuw (1813-1870), p.179. Die geboorte-akte van Antje - buite-egtelik verwek en vroeggestorwe - ontbreek. Die buite-egtelike geboorte van Antje, wat 'n uitson= derlike geval was onder die Friese boere-arbeiders in die jare waaroor die boek van Brugmans handel, is moeilik om te begryp.

55. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 2 en 3: M.P. van Buijtenen - G. Holleman, 10.7.1961, J.J. Spahr van der Hoek - H.M. Rex, 9.10.1968, Onderhoude, VI, iii. 3 en 4: T.H. Sietsema en J. Ploeger; G.A. (O/S.), B.A.: Bevolkingsregister van Oosterwolde, 1860-1880, pp. 182 en 183; G.A. (OPS.), B.A.: Bevolkingsregister van Hemrik, 1839-1849, p.6, Bevolkingsregister van Wijnjeterp, 1849-1859, p.74; J.H. Brouwer (hoofred.): Encyclopedie van Friesland, p.517; Herdenkingscommissie: Smellingera-land, p.527; J.B. Spaan: De glorie van het ambacht, p.81. In die Bevolkingsregister van Wijnjeterp, 1849-1859, p.74 word foutiewelik aangegee dat Roelof in 1859 ongetroud was, geen beroep gehad het nie en dat hy nog by sy ouers in Wijnjeterp gewoon het.

56. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, A, 5 en 11: Pietertje Roels de Vries - Kinders, 24.5.1867 (sic = 1876), S. Wierda - Broeder en Zuster, 3.5.1882. Die „Drachster-kermis" waarna die moeder van Sytze Wierda in haar brief verwys het, was die Mei-kermis en -veemark, by watter geleentheid die twee Wierda-broers van hul varke wou verkoop.

57. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, A, 8, 11, 14, 16 en 18: S. Wierda en H.T. Wierda-Kamp - Broeder en Zuster, 12.5.1881, 3.5.1882, 28.8.83, 4.1.188(4?)en 7.2.1885.

58. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, A, 6-8, 11, 14-16 en 18: S. Wierda en H.T. Wierda-Kamp - Broeder en Zuster, Mei 1880, 11.9.1880, 12.5.1881, 3.5.1882, 28.8.83, 10.11.188(3?), 4.1.188(4?) en 7.2.1885.

59. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, A, 25

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en 11: S. Wierda en Echtgenoote - Weduwee R(oelof) Wierda, 18.7.1897, S. Wierda - Broeder en Zuster, 3.5.1882.

60. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 2: M.P. van Buijtenen - G. Holleman, 10.7.1961; G.A. (OPS.), B.A.: Bevolkingsregister van Wijnjeterp, 1860-1870, p.96, Volkstelling, Hemrik, 1839, Bevolkingsregister van Hemrik, 1849-1859, p.26. In die Bevolkingsregister van Wijnjeterp word die geboortedatum van Sjerp aangegee as 24.9.1832, en sy geboorteplek as Luxwolde. In die Volkstelling, Hemrik, 1839, en die Bevolkingsregister van Hemrik, 1849-1859, word sy geboorteplek as Lange=zwaag aangegee. Die noem van Luxwolde en Langezwaag as geboorteplekke naas Langweer dui moontlik op 'n vergissing by die verstrekkers van dié inligting. Waarskynlik het sy ouers omstreeks 1832 tydelik daar vertoef. Kyk ook na die toeligtende voetnoot by verw. 22, hfst. I.

61. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 2: M.P. van Buijtenen - G. Holleman, 10.7.1961.

62. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 2 en 9: M.P. van Buijtenen - G. Holleman, 10.7.1961; W.E. Baron van Knobelsdorff - H.M. Rex, 31.5.1968. In die huwe=liksakte van Sjerp Wierda en Teetske de Boer word sy geboorteplek ook verkeerdelik as Langezwaag aangegee.

63. G.A. (O/S.), B.A.: Bevolkingsregister van Oosterwolde, 1860-1880, p.183; G.A. (OPS.), B.A.: Bevolkingsregis=ter van Wijnjeterp, 1860-1870, p.96; H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 9: W.E. Baron van Knobelsdorff - H.M. Rex, 31.5.1968. Blykens die Bevolkingsregister van Wijnjeterp word die name van Sjerp Wierda en sy gesin op 12 Mei 1864 na Oosterwolde afgevoer.

64. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, A, 5, 8, 11, 18, 22, 32 en 35: Pietertje Roels de Vries - Kinders, 24.5.1867 (sic = 1876), S. Wierda en H.T. Wierda-Kamp - Broeder en Zuster, 12.5.1881, 3.5.1882 en 7.2.1885; H. Wierda en S. Wierda - Broeder en Zuster, 26.4.(1896?), Antje van den Bos - Sytze Wierda, 8.9.1903, H. Wierda-Kamp en S. Wierda - Broeder, 26.3.1906.

65. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 2: M.P. van Buijtenen - G. Holleman, 10.7.1961; G.A. (OPS.), B.A.: Bevolkingsregister van Hemrik, 1849-1859, p.26, Bevolkingsregister van Wijnjeterp, 1860-1870, p.96. In lg. bevolkingsregister word haar geboortedatum foutiewelik as 20.12.1836 aangegee.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



66. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 2: M.P. van Buijtenen- G. Holleman, 10.7.1961; Wierda-Stukke, VI, i, A, 2 en 5: S. Wierda en Echtgenoote - Broeder en Zuster, 4.4.1874, J. Russchen - G. Holleman, 6.7.1961; G.A. (OPS.), B.A.: Bevolkingsregister van Wijnjeterp, 1849-1859, p.74, Bevolkingsregister van Hemrik, 1849-1859, p.26, Bevolkingsregister van Wijnjeterp, 1860-1870, p.96; H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, A, 1-36. Lg. verwysing het betrekking op die Wierda-Briewe, waarvan die meeste deur Sytze Wierda en sy eggenote geskrywe is, een deur sy moeder en enkeles deur sy suster Antje en haar dogter. Uit die brief waarin Sytze Wierda sy suster, die weduwee Antje Jansma, en Evert van den Bos met hul aanstaande huwelik geluk=wens (4.4.1874), blyk dit dat die huwelik nie in April 1876 plaasgevind het nie - soos wat dr. Van Buijtenen in sy brief beweer - maar in April 1874. Uit ander Wierda-briewe is dit ook duidelik dat die huwelik reeds in April 1874 voltrek is.

67. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, A, 1-3, 6-16, 18, 31 en 35: S. Wierda (soms alleen, ander kere saam met mev. Wierda) - Moeder en Zuster, en metter=tyd aan Broeder en Zuster, 21.10.1873, 4.4.1874, 21.6.1874, Mei 1880, 11.9.80, 12.5.1881, 3.8.81, Maart/Apr.1882(?), 3.5.1882, 22.8.1882, 27.6.1883, 28.8.83, 10.11.188(3?) en 7.2.1885, B en Z E. van de Bosch en A.W. Wierda - Broeder en Zuster, Aug. 1903(?), H. Wierda-Kamp en S. Wierda - Broeder, 26.3.1906; E. Jongsma: De Paardenfokkerij in Friesland, pp.3-41, 58-64. Uit sy brief aan swaer Evert van den Bos blyk dit dat Sytze Wierda geen kontak met Amsterdamse perdekopers gehad het nie. Volgens sy brief kom hy „geheel niet in aanraking met zulke Heeren". Dit is opmerklik dat twee briewe (VI, i, A, 5 en 31 van 24.5.1876 en Aug. 1903(?)) nie deur die skrywers, waarvan Pietertje Roels de Vries een was, gepos is nie en sodoende bewaar gebly het.

68. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 2: M.P. van Buijtenen - G. Holleman, 10.7.1961.

69. G.A. (OPS.), B.A.: Bevolkingsregister van Hemrik,1849-1859 pp.26 en 74, Bevolkingsregister van Wijnjeterp, 1849-1859, Bevolkingsregister van Wijnjeterp, 1860-1870, p.96; H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 2: M.P. van Buijtenen - G. Holleman, 10.7.1961; H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, A, 2, 3, 5, 7-9; S. Wierda en H. Wierda-Kamp (Echtgenoote) - Broeder en Zuster, en Moeder, 4.4.1874, 21.6.1874, 24.5.1867 (sic = 1876), 11.9.80, 12.5.1881 en 3.8.81. Die naam van die jongste Wierda-dogter word ook soms as Ebeltje aangegee.

70. K.A. (Ned. Herv. L.T.H.): Doopboek, Ned. Herv. Gem. Lippenhuizen onder datum 9.6.1839.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



71. T.A. Romein: Naamlijst der Predikanten sedert de Hervorming tot nu toe, in de Hervormde Gemeenten van Friesland, p.597.

72. K.A. (Ned. Herv. L.T.H.): Doopboek, Ned. Herv. Gem. Lippenhuizen, onder datum 9.6.1839.

73. G.A. (OPS.), B.A.: Volkstelling, Hemrik, 1839.

74. S.J. van der Molen: Opsterlan, p.222.

75. K.A. (Ned. Herv. L.T.H.): Lidmatenregister, Ned. Herv. Gem. Lippenhuizen, onder datum 29.3.1850.

76. K.A. (Ned. Herv. L.T.H.): Lidmatenregister, Ned. Herv. Gem. Lippenhuizen, onder datum 22.8.1850.

77. T.A. Romein: Naamlijst der Predikanten sedert de Hervorming tot nu toe, in de Hervormde Gemeenten van Friesland, pp.597 en 653; K.A. (Ned. Herv. L.T.H.): Kerkeraadsnotulen, Ned. Herv. Gem. Lippenhuizen, onder datum 22.11.1850; J.P. de Bie en J. Loosjes (redakteuren): Biographisch Woordenboek van Protes= tantsche Godgeleerden in Nederland, IV, pp.338-339; K.A. (Ned. Herv. L.T.H.): Kerkeraadsnotulen, Ned. Herv. Gem. Lippenhuizen, onder datum 24.11.1850. Die naam van ds. Ebbinge kom ook as Ebbinga voor.

78. H.G.W. van der Wielen: Een Friesche Landbouw-veen= kolonie, pp.66, 69-70; I.J. Brugmans: De arbeidende klasse in Nederland in de 19de eeuw (1813-1870), pp. 180-181. Gegewens oor die godsdienstige lewe van die Nederlandse arbeidersbevolking.

79. G.A. (OPS.), B.A.: Bevolkingsregister van Hemrik, 1849-1859, p.26, Bevolkingsregister van Wijnjeterp, 1849-1859, p.74.

80. K.A. (Ned. Herv. L.T.H.): Lidmatenregister, Ned. Herv. Gem. Lippenhuizen, onder datum 22.8.1850.

81. K.A. (Ned. Herv. W.D.): Ledematen Boek, Ned. Herv. Gem. Wijnjeterp, onder datum 1.1.1851; T.A. Romein: Naamlijst der Predikanten sedert de Hervorming tot nu toe, in de Hervormde Gemeenten van Friesland, p.587. Ds. Brugsma was vanaf 1849 tot 1856 predikant van Wijnjeterp.

82. G.A. (OPS.), B.A.: Bevolkingsregister van Wijnjeterp, 1849-1859, p.74.

83. T.A. Romein: Naamlijst der Predikanten sedert de Hervorming tot nu toe, in de Hervormde Gemeenten van Friesland, p.587.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



84. Rijkscommissie voor de Monumentenbeschrijving: Kunst=reisboek voor Nederland, p.215; S.J. van der Molen: Opsterlan, p.106. 'n Inskripsie aan een van die mure van die Wijnjeterpse kerkgebou lui as volg: Dit Gods Huis is gebouwd in het jaar 1778. Die pastorie is in 1878 gebou. Wopke Sjerps Wierda, wat in Julie 1859 in Wijnjeterp oorlede is, lê begrawe in die kerkhof wat hom rondom die tradisieryke kerkgebou uitstrek. Die kerkgebou en omgewing is op 14.4.1961 deur skrywer besoek en besigtig.

85. G.A. Wumkes: Stads- en Dorpskroniek van Friesland II, onder die opskrif: Wijnjeterp, 1854.